

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Vrydag, 1 Junie 1962.

WINDHOEK

Friday, 1st June, 1962.

No. 2404

INHOUD

PROKLAMASIE—

- No. R.105 (Republiek) Wysiging van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart (Chicago, 1944)

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- No. 84 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Kunsmis .
No. 85 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Suiker: Wysiging .
No. 86 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Steenkool .
No. 87 Prysbeheer: Maksimum Vorderings vir die Verkoop van Produkte deur Markagente: Opheffing van .
No. 88 Registrasiemerke: Staatsdepartemente, Administrasie van Suidwes-Afrika, ens.: Wysiging van Bylae .
No. 89 Waarnemende Kommissaris van Binnelandse Inkomste: Aanstelling as .
No. 90 Waarnemende Lid van die Visseraad: Aanstelling as .
No. 91 Munisipaliteit van Otjiwarongo: Stigting van Lokasie en Inboorlingdorp .
No. 92 Huweliksbevestiging: Aanstelling as .
No. R.741 (Republiek) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/148) .
No. R.742 (Republiek) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/149) .
No. R.743 (Republiek) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/160) .
No. R.744 (Republiek) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/161) .
No. R.745 (Republiek) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/162) .
No. R.746 (Republiek) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Derde Bylae (No. 3/74) .
No. R.747 (Republiek) Doeane wet, 1955: Toelating van Sekere Goedere teen Verlaagde Reg (RD/3) .
No. R.750 (Republiek) Doeane wet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/163) .

ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

- No. 24 Munisipaliteit van Keetmanshoop: Be-oogde Verwydering van Verlate Kerkhof .
No. 37 Maatskappye Geregistreer gedurende April, 1962
No. 333 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Verklaring van Standaardmerk .
No. 334 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Hersiening van Spesifikasies .
No. 335 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Wysiging van Spesifikasies .
No. 363 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Permitgelde .
No. 364 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Hersiening van 'n Spesifikasie .
No. 365 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Wysiging van Spesifikasie .
No. 366 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Verklaring van Standaardmerk .
No. 371 (Republiek) Bouverenigingsopgawe, Maart 1962

ADVERTENSIES

Boedelkennisgewings ens., ens.

CONTENTS

Page/Bladsy

PROCLAMATION—

- (Republic) Amendment to the Convention on International Civil Aviation (Chicago, 1944) 675

GOVERNMENT NOTICES:—

- Price Control: Maximum Prices of Fertilizers 675
Price Control: Maximum Prices of Sugar: Amendment 678
Price Control: Maximum Prices of Coal 678
Price Control: Maximum Charges for the Sale of Produce by Market Agents: Suspension of 679
Registration Marks: State Departments, Administration of South West Africa etc.: Amendment of Schedule 679
Acting Commissioner for Inland Revenue: Appointment as 679
Acting Member of the Fisheries Development Advisory Board: Appointment as 679
Municipality of Otjiwarongo: Establishment of Location and Native Village 679
Marriage Officer: Appointment as 680
(Republic) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/148) 680
(Republic) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/149) 680
(Republic) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/160) 681
(Republic) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/161) 681
(Republic) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/162) 682
(Republic) Customs Act, 1955: Amendment of the Third Schedule (No. 3/74) 683
(Republic) Customs Act, 1955: Admission of Certain Articles at Reduced Rates of Duty (RD/3) 683
(Republic) Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/163) 684

GENERAL NOTICES:—

- Municipality of Keetmanshoop: Proposed Removal of Abandoned Cemetery 684
Companies Registered during April, 1962 685
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Declaration of Standardization Mark 685
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Revision of Specifications 686
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Amendment of Specifications 687
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Permit Fees 688
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Revision of Specifications 688
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Amendment of Specifications 689
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Declaration of Standardization Mark 689
(Republic) Building Societies Return, March, 1962 690

ADVERTISEMENTS

Estate Notices, etc., etc. 690

PROKLAMASIE**VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.**

No. R.105, 1962.]

**WYSIGING VAN DIE KONVENSIE OOR
INTERNASIONALE BURGERLIKE LUGVAART
(CHICAGO, 1944)**

NADEMAAL die wysiging, soos vervat in bygaande Bylae, van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart (Chicago, 1944), soos uiteengesit in die Bylae van die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, ooreenkomstig paragraaf (b) van artikel twee van genoemde Wet namens die Republiek van Suid-Afrika bekragtig is;

EN NADEMAAL die getal bekrachtigings wat nodig is om genoemde wysiging van krag te laat word, by die Organisasie vir Internasionale Burgerlike Lugvaart ingedien is;

SO IS DIT DAT ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (b) van artikel twee van bogenoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging vanaf die datum van afkondiging hiervan in die Republiek nagekom moet word en krag van wet het.

Gegee onder my hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Negentiende dag van Maart Eenduisend Negehoenderd Twee-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade,
B. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Aan die einde van artikel 45 van die Konvensie word die punt vervang deur 'n komma en die volgende bygevoeg, naamlik:

„en andersins as tydelik by besluit van die Vergadering, en sodanige besluit moet geneem word deur die getal stemme deur die Vergadering bepaal. Die getal stemme aldus bepaal mag nie minder wees as drie-vyftes van die totale getal kontrakterende state nie.”

PROCLAMATION**BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF
SOUTH AFRICA.**

No. R.105, 1962.]

**AMENDMENT TO THE CONVENTION ON
INTERNATIONAL CIVIL AVIATION
(CHICAGO, 1944)**

WHEREAS the amendment, contained in the Schedule hereto, to the Convention on International Civil Aviation (Chicago, 1944), as set out in the Schedule to the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, has, in terms of paragraph (b) of section two of the said Act, been ratified on behalf of the Republic of South Africa;

AND WHEREAS the number of ratification required to bring the said amendment into force have been deposited with the International Civil Aviation Organization;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (b) of section two of the above-mentioned Act, I hereby declare that the said amendment shall, with effect from the date of promulgation hereof, be observed and have the force and effect of law in the Republic.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Nineteenth day of March, One Thousand Nine Hundred and Sixty-two.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council,
B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

At the end of Article 45 of the Convention, the full stop shall be substituted by a comma, and the following shall be added, namely:

“and otherwise than temporarily by decision of the Assembly, such decision to be taken by the number of votes specified by the Assembly. The number of votes so specified will not be less than three-fifths of the total number of contracting states.”

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 84.]

[1 Junie 1962.

PRYSBEHEER**MAKSIMUM PRYSE VAN KUNSMIS**

Ek, Gabriel Joseph Johannes Fourie Steyn, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryscontroleur verleen kragtens regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, bepaal hierby, kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, vir die hele Suidwes-Afrika en die hawe en nederstelling Walvisbaai, soos volg:—

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 84.]

[1st June, 1962.

PRICE CONTROL**MAXIMUM PRICES OF FERTILIZERS**

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Gabriël Joseph Johannes Fourie Steyn, Deputy Price Controller, acting by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of regulation 1 of War Measure No. 49 of 1946, hereby prescribe, for the whole of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, as follows:—

1. Ten opsigte van kunsmis en kunsmismengsels —
 - (1) waar die totale hoeveelheid wat verkoop word 1,000 lb. of meer is, is die maksimum pryse dié pryse per ton wat in die Bylaes hiervan aangegee word;
 - (2) waar die hoeveelheid wat verkoop word, minder as 1,000 lb. maar nie minder as 100 lb. is nie, staan die maksimum pryse in verhouding tot die pryse per ton wat in voornoemde Bylaes aangegee word, plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief van hoogstens R1.00 per ton;
 - (3) waar enige sodanige kunsmis of kunsmismengsel vir herverkoop aangekoop word en vanuit die herverkoper se voorraad verkoop word, is die maksimum pryse dié wat in subparagraaf (1) of subparagraaf (2) hierbo (nl. dié wat van toepassing is) aangegee is, plus —
 - (i) 'n bedrag bereken teen 'n tarief van R1.50 per ton;
 - (ii) plus 'n verdere bedrag van R1.00 in die geval van 'n verkoop van kunsmis of 'n kunsmismengsel in afgesonderde of oopgestelde Naturellegebiede soos beskryf in die Naturelle-trust- en Grond Wet, 1936 (No. 18 van 1936);
 - (iii) die spoorvrag en/of karweikoste wat werklik op die kunsmis of kunsmismengsel van die leweransier se stasie na die pakhuis van die herverkoper betaal is; met dien verstande dat, ten opsigte van kunsmis of kunsmismengsel verskaf deur die firma Fisons (Edms.) Beperk uit hul fabriek te Sasolburg, die spoorvrag wat bygestel moet word dié is wat betaalbaar is op voorrade per spoor versend na die herverkoper se naaste stasie of, in die geval van aflewering by die fabriek, die spoorvrag na die fabriek vanaf óf Umbogintwini óf Firgrove, nl. die minste, en die maksimum pryse aldus bereken vry op spoor, herverkoper se stasie is;

met dien verstande dat wanneer genoemde kunsmis of kunsmismengsel op 'n ander wyse as vir kontant met bestelling verkoop word, die maksimum prys van die kunsmis of kunsmismengsel in die betrokke Bylaes hiervan voorgeskryf, behoudens die bepalings van paragraaf 2 hiervan, verhoog mag word met hoogstens 12½ persent (na aftrekking van die Goewermentsubsidie indien van toepassing) op voorwaarde dat die verkoper aan die koper 'n minimum korting ooreenkomstig onderstaande skaal moet toestaan wanneer betaling binne die aangegewe tydperk geskied of aangebied word:—

As betaling geskied binne die volgende tydperke bereken vanaf die laaste dag van die maand waarin afsending plaasvind:—

	Minimum Korting Persent
Een Maand	9
Twee Maande	8
Drie Maande	7
Vier Maande	6
Vyf Maande	5
Ses Maande	4
Sewe Maande	3
Agt Maande	2
Nege Maande	1

2. Die verhoging waarvoor in die voorbehoudsbepaling van paragraaf 1 hiervan voorsiening gemaak word, mag nie bygevoeg word nie tensy die verkoper aan die volgende voorwaardes voldoen —

- (i) „Kontant met bestelling”-verkope mag nie ten gunste van kredietverkope van die hand gewys word nie; en
- (ii) wanneer die koper krediet verlang en dit aan hom toegestaan word, mag die verkoper geen voorwaarde stel dat betaling vir 'n minimum tydperk uitgestel moet word nie, en hy mag ook nie die koper se reg beperk om te eniger tyd voor die verstryking van die ooreengekome krediettydperk te betaal en die voordeel van die betrokke korting te kry nie.

1. In respect of fertilizers and fertilizer mixtures —
 - (1) where the total quantity sold is 1,000 lb. or more, the maximum prices are the prices per ton specified in the Schedules hereto;
 - (2) where the quantity sold is less than 1,000 lb. but not less than 100 lb., the maximum prices are proportionate to the prices per ton specified in the aforesaid Schedules plus an amount calculated at a rate not exceeding R1.00 per ton;
 - (3) where any such fertilizer or fertilizer mixture is purchased for resale and is resold from the reseller's stock, the maximum prices are those specified in sub-paragraph (1) or sub-paragraph (2) above (whichever may be applicable) plus —
 - (i) an amount calculated at the rate of R1.50 per ton;
 - (ii) plus a further amount of R1.00 in the case of a sale of any fertilizer or fertilizer mixture in scheduled or released Native areas as described in the Native Trust and Land Act, 1936 (No. 18 of 1936);
 - (iii) the railrage and/or cartage actually paid on such fertilizer or fertilizer mixture from the station of the supplier thereof to the store of the reseller, provided that, in respect of fertilizer or fertilizer mixture supplied by Messrs. Fisons (Pty.) Ltd., ex their factory at Sasolburg, the railrage to be added is that payable on supplies railed to the reseller's nearest station, or, in the case of deliveries at factory, the railrage to the factory from either Umbogintwini or Firgrove, whichever is the lesser, and the maximum prices so determined shall be free on rail reseller's station;

provided that, where any such fertilizer or fertilizer mixture is sold, otherwise than for cash with order, the maximum price of such fertilizer or fertilizer mixture as prescribed in the relevant Schedules hereto, may, subject to the provisions of paragraph 2 hereof, be increased by not more than 12½ per cent (after the deduction of Government subsidy where applicable) on condition that the seller shall allow the purchaser a minimum discount in accordance with the following scale upon payment being made or tendered within the period specified:—

If payment is made within the following periods, calculated from the last day of the month within which despatch is effected:

	Minimum Discount Per cent
One month	9
Two months	8
Three months	7
Four months	6
Five months	5
Six months	4
Seven months	3
Eight months	2
Nine months	1

2. The increase for which provision is made in the proviso to paragraph 1 hereof may not be added unless the seller complies with the following conditions:—

- (i) “Cash with order” sales shall not be refused in favour of credit sales; and
- (ii) where the purchaser seeks credit and this is granted to him, the seller shall make no stipulation that payment shall be deferred for any minimum period or any stipulation limiting the purchaser's right to make payment at any time prior to the expiration of the agreed period of credit and to obtain the benefit of the appropriate rebate.

3. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing beteken „kontant met bestelling” ook kontant wat voor versending betaal of aangebied is.

4. 'n Breuk van 1 sent in 'n maksimum prys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word vir die verkoop, op 'n bepaalde tyd, van kunsmis of kunsmismengsel kan as 1 sent beskou word ongeag of dit die prys van 'n enkele eenheid is of die totale prys van meer as een eenheid wat bereken is volgens die prys wat op enige getal sodanige eenhede van toepassing is.

5. Waar kunsmis of kunsmismengsel per spoor gestuur word aan, of aan die order van die koper, is die maksimum pryse wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing bereken word, vry op spoor verkoper se stasie; met dien verstande dat, ten opsigte van kunsmis of kunsmismengsel verskaf deur die firma Fisons (Edms.) Beperk, uit hul fabriek te Sasolburg, die maksimum pryse verhoog kan word met 'n bedrag gelyk aan die spoorvrag op soortgelyke kunsmis na die koper se naaste stasie, of in die geval van aflewings by die fabriek, die spoorvrag na die fabriek vanaf óf Umbogintwini óf Firgrove, nl. die minste, en die maksimum pryse aldus bereken vry op spoor koper se naaste stasie is, of by die fabriek, na gelang van die geval.

6. Onderstaande Goewermentskennisgewing betreffende die maksimum pryse van kunsmis word hierby herroep, naamlik:—

No. 124 van 9 Junie 1961.

G. J. J. F. STEYN,
Adjunk-Pryskontroleur.

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat nuwe kunsmispryse vir 1962 vasgestel word.

EERSTE BYLAE

Soort Kunsmis

	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke. Rand
HG Superfosfaat	23.41
HG Basiese superfosfaat (korrels)	25.30
Super- en rufosfaat 1:1	24.35
HG Rufosfaat (insluitende Reno)	21.75
Basiese slakmeel	24.20
Gesmelte Kalsiummagnesiumfosfaat (met inbegrip van Calmafos)	24.20
Ammoniumsulfaat	37.50
HG Ammoniumnitraat (33% N)	61.00
HG Ammoniumnitraat (31% N)	56.25
Kalksteenammoniumnitraat	39.20
Ureum	76.75
Kaliumchloried	39.30
Potasmagnesia	39.10
Kaliumsulfaat	48.20

TWEEDE BYLAE

Soort Kunsmis

	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke. Rand
HG Ammoniaksuperfosfaat (korrels)	28.65

DERDE BYLAE

Soort Kunsmis

	Maksimum prys per ton (2,000 lb.) in sakke. Rand
0:12:20	31.20
0:15:10	28.70
0:15:10 (met Kaliumsulfaat)	31.85
0:17:7	28.95
3:13:8	30.00
3:13:8 (met Kaliumsulfaat)	31.40
3:15:3	29.15
3:19:0	32.45
5:13:5	31.10
5:14:0	29.40
6:26:6	52.05

3. For the purpose of this notice “cash with order” includes cash paid or tendered before despatch.

4. Any fraction of 1 cent in a maximum price determined in accordance with this notice for a sale at any one time of any fertilizer or fertilizer mixture, whether it be the price of a single unit or the total price of more than one unit resulting from the computation of the price applicable to any number of such units, may be regarded as 1 cent.

5. Where any fertilizer or fertilizer mixture is railed to or to the order of the purchaser, the maximum prices determined in accordance with this notice are free on rail seller's station; provided that, in respect of fertilizer or fertilizer mixture supplied by Messrs. Fisons (Pty.) Ltd. ex their factory at Sasolburg, the maximum prices may be increased to the extent of the railage on similar fertilizer to the purchaser's nearest station, or, in the case of deliveries at factory, the railage to the factory from either Umhogintwini or Firgrove, whichever is the lesser, and the maximum prices so determined shall be free on rail purchaser's nearest station or, at factory, as the case may be.

6. The following Government Notice relating to the maximum prices of fertilizers is hereby withdrawn, namely:—

No. 124 of 9th June, 1961.

G. J. J. F. STEYN,
Deputy Price Controller.

NOTE: The effect of this notice is to fix new fertilizer prices for 1962.

FIRST SCHEDULE

Type of Fertilizer

	Maximum Price per Ton (2,000 lb.) Bagged Rand
HG Superphosphate	23.41
HG Basic superphosphate (granulated)	25.30
Super and raw phosphate 1:1	24.35
H Graw phosphate (including Reno)	21.75
Basic slag	24.20
Fused Calcium Magnesium Phosphate (including Calmafos)	24.20
Ammonium sulphate	37.50
HG Ammonium nitrate (33% N)	61.00
HG Ammonium nitrate (31% N)	56.25
Limestone ammonium nitrate	39.20
Urea	76.75
Muriate of potash	39.30
Potash magnesias	39.10
Sulphate of potash	48.20

SECOND SCHEDULE

Type of Fertilizer

	Maximum Price per Ton (2,000 lb.) Bagged Rand
HG Ammoniated superphosphate (granulated)	28.65

THIRD SCHEDULE

Fertilizer Mixtures

	Maximum Price per Ton (2,000 lb.) Bagged Rand
0:12:20	31.20
0:15:10	28.70
0:15:10 (with sulphate of potash)	31.85
0:17:7	28.95
3:13:8	30.00
3:13:8 (with sulphate of potash)	31.40
3:15:3	29.15
3:19:0	32.45
5:13:5	31.10
5:14:0	29.40
6:26:6	52.05

8:6:18	35.70
10:0:30	39.40
10:6:10	34.40
10:10:0	32.70
13:7:0	34.10
15:0:15	38.40
2:12:6 (½ Org. N)	29.80
3:13:3 (½ Org. N)	31.85
4:10:6 (½ Org. N)	33.75
6:10:3 (½ Org. N)	37.65

Met dien verstande dat die prys van korrelmengsels wat in hierdie Bylae aangegee word met R1.60 per ton (2,000 lb.) verhoog kan word.

No. 85.]

[1 Junie 1962.

PRYSBEHEER

MAKSIMUM PRYSE VAN SUIKER

Ek, GABRIEL JOSEPH JOHANNES FOURIE STEYN, Adjunk-Pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen kragtens Regulasie 1 van Oorlogsmaatreël nr. 49 van 1946, wysig, kragtens genoemde Oorlogsmaatreël, Goewermentskennisgewing nr. 35 van 1 Maart 1962 deur „6.250c” waar dit in paragraaf 4 (c) (iv) van die Derde Bylae daarvan voorkom, te vervang met „6.666c”.

G. J. J. F. STEYN,
Adjunk-Pryskontroleur.

8:6:18	35.70
10:0:30	39.40
10:6:10	34.40
10:10:0	32.70
13:7:0	34.10
15:0:15	38.40
2:12:6 (½ Org. N)	29.80
3:13:3 (½ Org. N)	31.85
4:10:6 (½ Org. N)	33.75
6:10:3 (½ Org. N)	37.65

Provided that, in the case of granulated mixtures, the prices specified in this Schedule may be increased by R1.60 per ton (2,000 lb.)

No. 85.]

[1st June, 1962.

PRICE CONTROL

MAXIMUM PRICE OF SUGAR

In terms of War Measure No. 49 of 1946, I, GABRIEL JOSEPH JOHANNES FOURIE STEYN, Deputy Price Controller, acting by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of Regulation 1 of the said War Measure, amend Government Notice No. 35 of the 1st March, 1962, by substituting “6.666c” for “6.250c” where it appears in paragraph 4 (c) (iv) of the Third Schedule thereto.

G. J. J. F. STEYN,
Deputy Price Controller.

No. 86.]

[1 Junie 1962.

PRYSBEHEER

MAKSIMUM PRYSE VAN STEENKOOL

Ek, Heinrich Rudolph Philip August Kotzenberg, Pryskontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, bepaal hierby vir die hele gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, as volg:—

1. Die maksimum prys waarteen enigeen wat steenkool by die trokvrug verkoop, sodanige steenkool aldus kan verkoop, is die steenkoolmyn se netto faktuurprys van die steenkool plus *tien sent* per ton vir Transvaalse of Oranje-Vrystaatse steenkool of *twaalf en 'n half sent* per ton vir Natalse steenkool.

2. Behoudens die bepalinge van paragrawe 1 en 3 hiervan, is die maksimum prys waarteen enigeen (uitgesonderd 'n steenkoolprodusent) steenkool aan iemand anders mag verkoop, die prys wat die verkoper gewoonlik gedurende Desember 1961 vir sodanige steenkool gevra het of, indien die verkoper nie gedurende genoemde tydperk steenkool verkoop het nie, is die maksimum prys waarteen hy steenkool mag verkoop, die prys wat gewoonlik gedurende genoemde maand vir steenkool in dieselfde of die naaste gebied gevra is, plus 1 sent per 200 lb. in die geval van Transvaalse en Oranje-Vrystaatse steenkool, plus 1.5 sent per 100 lb. in die geval van Natalse steenkool.

3. Alle pryse wat in paragraaf 2 hiervan genoem of gespesifiseer word, sluit alle afleweringe in.

4. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing beteken „steenkool” nie ook antrasiet en smidsteenkool nie en beteken „Transvaalse steenkool” ook Oranje-Vrystaat steenkool.

5. Ondergenoemde Goewermentskennisgewing wat betrekking het op die maksimum prys van steenkool, word herroep, naamlik No. 114 van 9 Junie 1961.

H. R. P. A. KOTZENBERG,
Pryskontroleur.

OPMERKING: Die doel van hierdie kennisgewing is om die pryse van steenkool in ooreenstemming met dié van die Republiek van Suid-Afrika te bring.

No. 86.]

[1st June, 1962.

PRICE CONTROL

MAXIMUM PRICES OF COAL

Acting in terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Heinrich Rudolph Philip August Kotzenberg, Price Controller, do hereby for the whole Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, prescribe as follows:—

1. The maximum price at which any person who sells coal by the truck-load, may thus sell such coal, is the colliery's net invoiced price of the coal, plus *ten cents* per ton for Transvaal or Orange Free State coal or *twelve and a half cents* per ton for Natal coal.

2. Except as provided in paragraphs 1 and 3 hereof the maximum price at which any person (other than a producer of coal) may sell any coal to any other person, is the price ordinarily charged by the seller during December, 1961, for such coal, or, if during the said period the seller did not sell coal, the maximum price at which he may sell coal, is the price ordinarily charged during the said month for coal in the same or nearest locality, plus 1 cent per 200 lb. in the case of Transvaal and Orange Free State coal, plus 1.5 cent per 100 lb. in the case of Natal coal.

3. All prices referred to or specified in paragraph 2 hereof are inclusive of all delivery charges.

4. For the purpose of this notice “coal” excludes anthracite and smithy coal; and “Transvaal coal” includes Orange Free State coal.

5. The following Government Notice relating to the maximum price of coal, namely No. 114 of 9th June, 1961, is withdrawn.

H. R. P. A. KOTZENBERG,
Price Controller.

NOTE: The purpose of this notice is to bring the prices of coal in line with that of the Republic of South Africa.

No. 87.]

[1 Junie 1962.

No. 87.]

[1st June, 1962.

PRYSBEHEER

MAKSIMUM VORDERINGS VIR DIE VERKOOP VAN
PRODUKTE DEUR MARKAGENTE

Ek, Gabriël Josph Johannes Fourie Steyn, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen kragtens regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, herroep hierby Goewermentskennisgewing No. 121 van 9 Junie 1961, soos gewysig, wat op die maksimum vorderings vir die verkoop van produkte deur markagente betrekking het.

G. J. J. F. STEYN,
Adjunk-Pryskontroleur.

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat prysbeheer ten opsigte van die maksimum gelde wat deur markagente gevorder mag word, opgehef word.

PRICE CONTROL

MAXIMUM CHARGES FOR THE SALE OF PRODUCE
BY MARKET AGENTS

In terms of War Measure No. 49 of 1946, I, Gabriël Joseph Johannes Fourie Steyn, Deputy Price Controller, acting by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of regulation 1 of War Measure No. 49 of 1946, hereby withdraw Government Notice No. 121 of 9th June, 1961, as amended, relating to the maximum charges for the sale of produce by market agents.

G. J. J. F. STEYN,
Deputy Price Controller.

NOTE: The effect of this notice is to suspend price control on the maximum charges for the sale of produce by market agents.

No. 88.]

[1 Junie 1962.

No. 88.]

[1st June, 1962.

WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING
286 VAN 1 DESEMBER 1961

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *nege-en-twintig* van die Padverkeersordonnansie 1961 (Ordonnansie 21 van 1961) die bylae tot Goewermentskennisgewing 286 van 1 Desember 1961 met ingang van publikasie hiervan, te wysig deur die invoeging van die volgende paragraaf (d) by genoemde bylae:—

Kolom I

„(d) Alle nie-selfaangedrewe voertuie van die Afdeling Paaie van die Administrasie van Suidwes Afrika

Kolom II

Die letters SWAAR gevolg deur die nommer.”

AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE
286 OF 1st DECEMBER, 1961

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by paragraph (a) of sub-section (1) of section *twenty-nine* of the Road Traffic Ordinance, 1961 (Ordinance 21 of 1961) to amend the schedule to Government Notice 286 of the 1st December, 1961, as from the publication hereof, by the insertion of the following paragraph (d) in the said schedule:—

Column I

“(d) All non-selfpropelled vehicles of the Roads Branch of the Administration of South West Africa.

Column II

The letters SWAAR followed by the number.”

No. 89.]

[1 Junie 1962.

No. 89.]

[1st June, 1962.

AANSTELLING AS KOMMISSARIS VAN
BINNELANDSE INKOMSTE IN SY HOEDANIGHEID
AS WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN
SUIDWES-AFRIKA

Hierby word ter algemene inligting bekend gemaak dat WILLEM JACOBUS VAN DER MERWE in sy hoedanigheid as Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika ingevolge die Inkomstebelastingordonnansie 1961 aangestel is as Kommissaris van Binnelandse Inkomste vir die tydperk 19 Mei tot 13 Julie 1962.

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR
SOUTH WEST AFRICA AS COMMISSIONER FOR
INLAND REVENUE

It is hereby notified for general information that WILLEM JACOBUS VAN DER MERWE, in his capacity as Acting Secretary for South West Africa, has been appointed in terms of the Income Tax Ordinance, 1961, as Commissioner for Inland Revenue for the period from the 19th May, 1962, to the 13th July, 1962.

No. 90.]

[1 Junie 1962.

No. 90.]

[1st June, 1962.

AANSTELLING AS LID VAN DIE VISSERY-
ADVIESRAAD IN SY HOEDANIGHEID AS
WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN
SUIDWES-AFRIKA

Hierby word ter algemene inligting bekend gemaak dat WILLEM JACOBUS VAN DER MERWE in sy hoedanigheid as Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika ingevolge Ordonnansie 12 van 1949 aangestel is as lid van die Visseryadviesraad vir die tydperk 19 Mei 1962 tot 13 Julie 1962.

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR
SOUTH WEST AFRICA AS MEMBER OF THE
FISHERIES DEVELOPMENT ADVISORY BOARD

It is hereby notified for general information that WILLEM JACOBUS VAN DER MERWE, in his capacity as Acting Secretary for South West Africa, has been appointed in terms of Ordinance 12 of 1949, as a member of the Fisheries Development Advisory Board for the period from the 19th May, 1962, to the 13th July, 1962.

No. 91.]

[1 Junie 1962.

No. 91.]

[1 Junie 1962.

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO

STIGTING VAN LOKASIE EN INBOORLINGDORP

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragrafe (a) en (b) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (No. 56 van 1951) (Suidwes-

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO

ESTABLISHMENT OF LOCATION AND NATIVE
VILLAGE

The Minister of Bantu Administration and Development has approved, in terms of paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban

Afrika) geles met artikel drie van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika 1954 (No. 56 van 1954), sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Otjiwarongo 'n sekere stuk grond, 394 hektaar, 1848 vierkante meter groot, synde gedeelte 6 van die plaas Otjiwarongo Dorpsgronde Suid No. 308, geleë binne die gebied onder beheer van genoemde stede-lyke plaaslike bestuur en soos aangetoon op kaart A.527/61 wat deur die Landmeter-generaal, goedgekeur is, as 'n Lokasie en Inboorlingdorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermenskennisgewing No. 41 van 9 Februarie 1932 word hierby herroep.

Areas) Proclamation, 1951 (No. 56 of 1951) (South West Africa), read with section three of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (No. 56 of 1954), of the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Otjiwarongo, as a location and Native Village, of a certain area of land 394 hectares 1848 square metres in extent, being portion 6 of the farm Otjiwarongo Townlands South No. 308 situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on diagram No. A.527/61 approved by the Surveyor-General.

Government Notice No. 41 of the 9th February, 1932 is hereby repealed.

No. 92.]

[1 Junie 1962.

AANSTELLING AS HUWELIKSBEVESTIGER

Hierby word ingevolge die bepaling van subartikel (2) van artikel vyf van „De Huweliksvoltrekkingsproklamasie 1920” (Proklamasie 31 van 1920) bekend gemaak dat die Administrateur die ondergenoemde persoon aangestel het as huweliksbevestiger met ingang van die datum vermeld, maar onderhewig aan die ondergenoemde beperkings ten opsigte van (a) die gebied, (b) die voltrekking van huwelike tussen persone van 'n spesifieke ras, gemeenskap of kerkgenootskap en (c) die tydperk van aanstelling:—

Naam:	Beperkings:	Datum
Ferreira, Alfred John	(a) Distrik van Rehoboth. (b) Nie-blankes verbonden aan die Rynse Kerk in Suidwes-Afrika. (c) Solank dit die Administrateur behaag.	11.5.1962

No. 92.]

[1st June, 1962.

APPOINTMENT OF MARRIAGE OFFICER

It is hereby notified that the Administrator has in terms of sub-section (2) of section five of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation 31 of 1920) appointed the undermentioned person as marriage officer with effect from the date given but subject to the undermentioned limitations in respect of (a) the area, (b) the solemnization of marriages between persons belonging to a specified race, community or religious denomination and (c) the period of appointment:—

Name:	Limitations:	Date
Ferreira, Alfred John	(a) District of Rehoboth. (b) Non-Whites who are members of the "Rynse Kerk in Suidwes-Afrika". (c) During the Administrator's pleasure.	11.5.1962

No. R.741 (Republiek).]

[18 Mei 1962.

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE (NO. 1/148)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel vyf-en-sestig van die Doeane wet, 1955, wysig hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE

Tarief-item	Artikel	Minimale reg Sent	Intermedie reg Sent	Maximale reg Sent
97	Deur na subparagraaf (c) van paragraaf (4) die volgende subparagraaf by te voeg: „(d) Elektrohefmagnete vir hyskrane	—	7%	—

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat spesifieke voorsiening, teen 'n verlaagde reg, vir elektrohefmagnete vir hyskrane gemaak word.

No. R.741 (Republiek).]

[18th May, 1962.

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE (NO. 1/148)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section sixty-five of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE

Tariff item	Article	Minimum duty Cents	Intermediate duty Cents	Maximum duty Cents
97	By the addition, after subparagraph (c) of paragraph (4), of the following subparagraph: “(d) Electro-magnetic lifting heads for cranes	—	7%	—

NOTE: The effect of this notice is to make specific provision, at a decreased rate of duty, for electro-magnetic lifting heads for cranes.

No. R.742 (Republiek).]

[18 Mei 1962.

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE (NO. 1/149)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel vyf-en-sestig van die Doeane wet, 1955, wysig hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

No. R.742 (Republiek).]

[18th May, 1962.

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE (NO. 1/149)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section sixty-five of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

BYLAE

Tarief- item	Artikel	Mini- mum- reg Sent	Inter- mediêre reg Sent	Maksi- mum- reg Sent
330	Deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang: „(a) Bote (uitgesonderd vis-sersbote en reisesbote (roei) van 'n soort ge-woonlik gebruik by boot-reisies), jagte en ander seilbote, barkasse, kano's, „skiffs”, vou- of opblaas-bare vaartuie en plesier-bote in die algemeen	—	25%	30%”
	Deur na paragraaf (b) die volgende paragraaf in te voeg, terwyl die bestaande paragra-we (c) en (d) onderskeidelik paragrawe (d) en (e) word: „(c) Reisesbote (roei) van 'n soort gewoonlik gebruik by bootreisies	—	15%	20%”

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat spesifieke voorsiening gemaak word vir reises-bote (roei) van 'n soort wat gewoonlik by boot-reisies gebruik word, teen verlaagde regte.

No. R.743 (Republiek).]

[18 Mei 1962.

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE
TWEDE BYLAE (NO. 2/160)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minis-ter van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeane-wet, 1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE

Item.	Artikel.	Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedul.
497	Deur paragraaf (27) deur die volgende paragraaf te vervang: „(27) Voorafgevormde tekstiel-strook bekend as binne-soolribstof (gegom of andersins) vir die aanhegting van soolrand	Tot die bedrag van die intermediêre reg.”
498	Deur na paragraaf (3) die volgende paragraaf by te voeg: „(4) Staalhulse, speie en los haksole (nie uit leer nie) met of sonder speie, vir die vervaardiging van plastiekhakke met los hak-sole	Die hele reg.”

OPMERKING: Dit uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die bestaande voorsiening in paragraaf 497 (27) na paragraaf 498 (4) oorgeplaas word en dat voorsiening vir 'n korting tot die bedrag van die intermediêre reg gemaak word op voorafgevormde tekstielstrook bekend as binnesoolribstof (gegom of andersins) vir die aanhegting van soolrand wanneer ingevoer of uit entrepot geneem deur geregistreerde vervaardigers vir gebruik by die stewel- en skoen-vervaardigingsnywerheid.

No. R.744 (Republiek).]

[18 Mei 1962.

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE
TWEDE BYLAE (NO. 2/161)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minis-ter van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeane-wet,

SCHEDULE

Tariff item	Article	Mini- mum duty Cents	Inter- mediate duty Cents	Maxi- mum duty Cents
330	By the substitution, for para-graph (a), of the following paragraph: “(a) Boats (excluding fishing boats and rowing shells of a kind commonly used for boatracing), yachts and other sailing vessels, launches, canoes, skiffs, folding or pneumatic craft and pleasure craft generally	—	25%	30%”
	By the insertion, after para-graph (b), of the following paragraph, the existing para-graphs (c) and (d) becoming paragraphs (d) and (e) re-spectively: “(c) Rowing shells, of a kind commonly used for boat-racing	—	15%	20%”

NOTE: The effect of this notice is to make specific pro- vision for rowing schells, of a kind commonly used for boatracing, at reduced rates of duty.

No. R.743 (Republic).]

[18th May, 1962.

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE
SECOND SCHEDULE (NO. 2/160)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE

Item.	Article.	Duty rebated as under.
497	By the substitution, for para-graph (27), of the following paragraph: “(27) Preformed textile strip known as insole ribbing (gummed or otherwise) for the attachment of welting	To the extent of the intermediate duty.”
498	By the addition, after para-graph (3), of the following paragraph: “(4) Steel sleeves, spigots and detachable top pieces (other than leather) with or without spigots, for the manufacture of plastic heels with detachable top pieces	The whole duty.”

NOTE: The effect of this notice is to transfer the exist- ing provision under item 497 (27) to item 498 (4) and to provide for a rebate to the extent of the intermediate duty on preformed textile strip known as insole ribbing (gummed or otherwise) for the attachment of welting when imported or taken out of bond by registered manufacturers for use in the boot and shoemaking industry.

No. R.744 (Republic).]

[18th May, 1962.

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE
SECOND SCHEDULE (NO. 2/161)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby

1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Financien.

BYLAE

Item.	Artikel.	Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedui.
725	Deur die item deur die volgende item te vervang: „725 <i>Nywerheid vir die ver- vaardiging van sintetiese harssoorte (met inbegrip van emulsies en oplos- sings)</i> . —	
(1)	Byewas en kandelillawas; vetsure van lyn-, oiticica- en sojaboonoliesoorte; lyn-, oiticica-, sojaboon- en tungolioesoorte; stearien en steariensuur	Tot die bedrag van die intermediêre reg.
(2)	Anilien, nafta, nitroben- sien, (mirbaanolie), toluol (tolueen), xilenol, xilol (xileen)	Tot die bedrag van die intermediêre reg.
(3)	Kresol (meta-, para- en orto-), kresielsuur, formal- dehied, gliserien, heksa- mien, melamien, maleïen- anhydried, asynsuuranhi- dried, paraformaldehied, pentaeritritol, fenol, poli- vinielalkohol, ureum	Tot die bedrag van die intermediêre reg.
(4)	Aluminumstearaat, benso- ïelperosied, kalsiumasetaat, kobaltsulfaat, fumaarsuur, hidroksiëtielsellulose, mag- nesiumoksied, metakriël- suur	Tot die bedrag van die intermediêre reg.
(5)	Sikloheksanoon, siklohek- sanol, dibutielglikolftalaat, dibutielmaleïenaat, diëtie- leenglikol, diëtileenglikol- monobutieleterasetaat, diëtileenglikolmonoëtiel- eter, tileenglikol, etileen- glikolmonobutieleterase- taat, etileenenglikolmonoë- tieleterasetaat, propileen- glikol, trikresieëfosfaat, triëtanolamien, trifeniël- fosfiet	Tot die bedrag van die intermediêre reg.
(6)	Butielmetakrilaatmono- meer, metielmetakrilaat- monomeer, stireenmono- meer	Tot die bedrag van die intermediêre reg.

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die item herrangskik word, dat voorsiening vir 'n korting tot die bedrag van die intermediêre reg gemaak word op asynsuuranhidried, diëteleenglikol, propileenglikol en trifienfosfiat wanneer ingevoer of uit entrepot geneem deur geregistreerde vervaardigers vir gebruik by die vervaardiging van sintetiese harssoorte, met inbegrip van emulsies en oplossings, en dat die kortingsfasiliteite ten opsigte van palmwas waarvoor daar voorsiening, vry van reg, in die Eerste Bylae bestaan, teruggetrek word.

No. R.745 (Republiek).]

[18 Mei 1962.

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE
TWEDE BYLAE (NO. 2/162)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE

Item.	Article.	Duty rebated as under.
725	By the substitution, for the item, of the following item: "725 <i>Industry for the manufacture of synthetic resins (including emulsions and solutions).</i> —	
	(1) Beeswax, candillilla wax, fatty acids of linseed, oiticica and soya bean oils; linseed, oiticica, soya bean and tung oils; stearine and stearic acid	To the extent of the intermediate duty.
	(2) Aniline, naphtha, nitrobenzine (oil of mirbane), toluol (toluene), xylenol, xylol (xylene)	To the extent of the intermediate duty.
	(3) Cresol (meta-, para- and ortho-), cresylic acid, formaldehyde, glycerine, hexamine, melamine, maleic anhydride, acetic acid anhydride, paraformaldehyde, pentaerythritol, phenol, polyvinyl alcohol, urea	To the extent of the intermediate duty.
	(4) Aluminium stearate, benzoyl peroxide, calcium acetate, cobalt sulphate, fumaric acid, hydroxyethyl cellulose, magnesium oxide, methacrylic acid	To the extent of the intermediate duty.
	(5) Cyclohexanone, cyclohexanol, dibutyl glycol phthalate, dibutyl maleinate, diethylene glycol, diethylene glycol monobutyl ether acetate, diethylene glycol monoethyl ether, ethylene glycol, ethylene glycol monobutyl ether acetate, ethylene glycol monoethyl ether acetate, propylene glycol, tricresylphosphate, triethanolamine, triphenylphosphite	To the extent of the intermediate duty.
	(6) Butyl methacrylate monomer, methyl methacrylate monomer, styrene monomer	To the extent of the intermediate duty."

NOTE: The effect of this notice is to re-arrange the existing item and to provide for a rebate to the extent of the intermediate duty on acetic acid anhydride, diethylene glycol, propylene glycol and triphenylphosphite, when imported or taken out of bond by registered manufacturers for use in the manufacture of synthetic resins, including emulsions and solutions, and to withdraw the rebate facilities in respect of carnauba wax for which provision, free of duty, exists in the First Schedule.

No. R.745 (Republic).]

[18th May, 1962.

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE
SECOND SCHEDULE (NO. 2/162)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

BYLAE

Item.	Artikel.	Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedul.
746	Deur die item deur die volgende item te vervang: „746 <i>Nywerheid vir die vervaardiging van plastiseermiddels.</i> — (1) Adipiensuur (2) Diëtileenglikol, trifenielfosfiet	Tot die bedrag van die intermediêre reg. Tot die bedrag van die intermediêre reg.”

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat voorsiening vir 'n korting tot die bedrag van die intermediêre reg gemaak word op gemelde goedere wanneer ingevoer of uit entrepot geneem deur geregistreerde vervaardigers vir die vervaardiging van plastiseermiddels.

No. R.746 (Republiek).]

[18 Mei 1962.

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE DERDE BYLAE (NO. 3/74)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel honderd van die Doeane wet, 1955, wysig hierby die Derde Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE

Item.	Artikel.	Korting. Terugbetaling.
966	Deur na subparagraaf (57) van paragraaf (a) die volgende subparagraaf by te voeg: „(58) onderdele, nikkelsilwer- reep, magneetyster of staaltange, -blaaie of -repe, fenolies-behandelde papier en geïsoleerde elek- triese draad, gebruik by die vervaardiging van tele- foon-, telegraaf-, radiotele- foon-, radiotelegraaf- en seintoerusting;	— Die hele reg.”

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat voorsiening vir 'n terugbetaling van die hele reg gemaak word op genoemde goedere wanneer dit gebruik word by die vervaardiging van telefoon-, telegraaf-, radiotelefoon-, radiotelegraaf- en seintoerusting, by uitvoer van die vervaardigde toerusting na ander gebiede as Basoetoland en die protektorate Betsjoeanaland en Swaziland.

No. R.747 (Republiek).]

[18 Mei 1962.

DOEANEWET NO. 55 VAN 1955.

TOELATING VAN SEKERE GOEDERE TEEN VERLAAGDE REG (RD/3)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by item 246 (1) (b) van die Eerste Bylae van die Doeane wet 1955 —

- (1) keur hierby die doeanevry invoer, kragtens item 246 (1) (b) van die Doeane tarief, van ondervermelde stowwe vir gebruik as spreid-, kleef- of benattingsmiddels met die artikels wat in item 246 (1) (a) van die Doeane tarief vermeld word, goed:—
„Arylan C.A.
Toximul M.P.
Toximul R.
Toximul S.”; en

- (2) wysig hierby paragraaf 7 van Goewermentskennis-

SCHEDULE

Item.	Article.	Duty rebated as under.
746	By the substitution, for the item, of the following item: “746 <i>Industry for the manufacture of plasticisers.</i> — (1) Adipic acid (2) Diethylene glycol, triphenylphosphite	To the extent of the intermediate duty. To the extent of the intermediate duty.”

NOTE: The effect of this notice is to provide for a rebate to the extent of the intermediate duty on the goods mentioned when imported or taken out of bond by registered manufacturers for use in the manufacture of plasticisers.

No. R.746 (Republic).]

[18th May, 1962.

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE THIRD SCHEDULE (NO. 3/74)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section one hundred of the Customs Act, 1955, hereby amend the Third Schedule to the said Act, to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE

Item.	Article.	Rebate.	Refund.
966	By the addition, after sub-paragraph (57) of paragraph (a), of the following sub-paragraph: “(58) parts, nickel silver strip, magnet iron or steel rods, sheets or strips, phenolic paper and insulated electric wire, used in the manufacture of telephone, telegraph, radio telephone, radio telegraph and signalling equipment;	—	The whole duty.”

NOTE: The effect of this notice is to make provision for a refund of the whole duty on the goods mentioned when used in the manufacture of telephone, telegraph, radio telephone, radio telegraph and signalling equipment, on export of the manufactured equipment to territories other than Basutoland and the Protectorates of Bechuanaland and Swaziland.

No. R.747 (Republic).]

[18th May, 1962.

CUSTOMS ACT NO. 55 OF 1955.

ADMISSION OF CERTAIN ARTICLES AT REDUCED RATES OF DUTY (RD/3)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by item 246 (1) (b) of the First Schedule to the Customs Act, 1955, hereby —

